

Besoedeling en foute in die Suid-Afrikaanse skeersel

(Jan Louis Venter, NWKV Produksie Adviseur: Vrystaat)

Sel: 083-650 1131; Epos: jlventer@intekom.co.za

Besoedeling van wol het 'n groot finansiële impak op die hele wolverwerkingketting. Dit is veral vreemde "vesels" afkomstig vanaf baaltou en polipropileen sakke wat 'n probleem is. Baaltou en polipropileen sakke maak fyn "vesels" wat partymaal nie sigbaar is met die blote oog nie. Hierdie "vesels" beland dan in die verwerkingsproses, maar omdat hulle nie natuurlike vesels is nie, neem hulle nie kleurstof op nie. Sodra die materiaal gekleur word, wys hierdie vesels op. Dit is dan onmoontlik om hierdie vesels te verwijder en is sulke materiaal onbruikbaar.

Wolkopers het 10 kategorieë waarvolgens hulle foute in 'n skeersel aanteken. Hierdie kategorieë is:

- Gemengde lengtes
- Gemengde gehalte (kwaliteit), byvoorbeeld swak afgerande wol
- Sweetstukke in hooflyne
- Uriene- en mis-bevlekte wol in penswol en stukke
- Baaltou en plastiek
- Swart hare
- Kemp en gemeduleerde vesels
- Verf en merk-ink
- Sigaretstompies en soortgelyke kontaminasie
- Metaal, draad en wolhakies
- Ander

Die fout wat sedert die 2010/11 woljaar aangeteken is, word in Tabel 1 aangedui. Dit gee 'n goeie aanduiding van die verandering in die vlak van kontaminasie en gehalte van klassering.

Tabel 1: Foute aangeteken op die foutelys van die SA skeersel van die 2010/11 tot 2015/16

Fout	Seisoen					
	2010 11	2011 12	2012 13	2013 14	2014 15	2015 16
Gemengde lengtes (>20mm variasie)	205	624	929	993	811	311
Gemengde gehalte (Swak afgerand)	19	18	69	67	48	0
Sweetstukke in hooflyn	0	1	0	0	0	0
Onderlyne besoedel met mis/uriene	0	15	1	4	1	1
Baaltou/plastiek	49	200	859	1287	1228	830
Swart hare	12	2	24	44	77	98
Kemp/ gemeduleerde vesels	6	2	2	26	20	65

Verf, merkink	368	222	297	179	144	59
Sigaretstompies ens.	1	2	0	1	0	0
Metaal, Draad en wolhakies	4	1	2	9	0	3
Ander	303	16	27	48	10	21
Totale foute	960	1103	1834	2658	2309	1388
Aantal lotte met foute	937	1096	1823	2636	2284	1317
Total produsente lotte aangebied	35299305	34593351	38075409	35299305	34593351	

Sommige foute bly konstant onbeduidend, soos byvoorbeeld sigaretstompies.


Draad en metaal word nie maklik met 'n grypmonster uit die baal gehaal nie. Dus word dit onder gerapporteer. Die meeste makelaars het metaal verklikkers wat hierdie tipe kontaminasie betyds optel en verhoed dat dit verskeep word.

Die vernaamste foute wat voorkom is gemengde lengtes, baaltou/plastiek, swart hare en kemp/gemeduleerde vesels.

Dit is opmerklik hoe die baaltou/plastiek kontaminasie aanvanklik toegeneem het en nou begin dit afneem (Fig 1). Dit wil voorkom of die konstante bewusmaking van produsente oor die gevvaar van baaltou, polipropileen sakke en plastiek positiewe resultate lewer. Volgehoue bewusmaking en opleiding van produsente en ook skeerpersoneel is belangrik om hierdie vlakke van kontaminasie so laag as moontlik te maak.

Produsente moet toesien dat baaltou op een plek gehou word en op 'n gereelde basis verbrand word. Die groot gevvaar van baaltou is huis sy vermoë om in vesels af te breek en sodoende die wol te kontamineer. Moet asseblief nie baaltou gebruik om die gat in die draad heel te maak of om die gebreekte hakkie van die hek reg te maak nie. Sommige werkers maak selfs swepe van die baaltou wat ook tot kontaminasie kan lei.

Polipropileen sakke (sout en ander lekke se sakke) is ook baie handig op die plaas en word weer hergebruik. Dit is egter belangrik dat hierdie sakke nie gebruik word om 'split' bale te maak nie. 'n Boete van R 1 500.00 sal gehef word as polipropileen sakke in die baal gekry word voordat die wol op 'n veiling verkoop word en 'n boete van R10 000.00 sal gehef word indien poliprop sak/ke in 'n baal gevind word nadat dit verkoop is. Hierdie is 'n probleem wat met goeie bestuur uitgeskakel kan word.




Figuur 1: Die aantal baaltou en plastiek foute aangeteken

Gemengde lengtes het ook merkbaar afgeneem van die hoogtepunt in die 2013/14 seisoen (Fig 2). Die klassering regulasies is baie duidelik dat wol wat met 'n lengte simbool bemark word nie meer as 20mm in lengte mag verskil nie. Gemengde lengtes veroorsaak dat wol se verwerkings gedrag sal verskil en die verwerkers verkies om wol van 'n egalige lengte te verwerk. Maak liefs gebruik van goed opgeleide skeerders met die regte toerusting wat min dubbelknipsels maak en sodoende 'n egalige lengte vag af te skeer.

Dit is belangrik dat die produsent voldoende toesig sal hou tydens die skeerproses en ook veral wanneer die skeersel opgemaak word. Aangrensende lengtes mag met mekaar vermeng word maar daar moet altyd gehou word by die reëls van groepering.

Die Kode vir wolklassering kan op Cape Wools se webwerf afgelaai word (<http://www.capewools.co.za/assets/klas.afrrotate.pdf>) en bied duidelike riglyne vir klassering en groepering van wol.




Figuur 2 Die aantal gemengde lengtes foute aangeteken

Die gebruik van verf en merk-ink op die wol van skape neem beduidend af (Fig. 3). Dit is 'n baie bemoedigende teken. Die gebruik van verf moet heeltemal ontmoedig word, aangesien verf die verwerker se masjiene beskadig en groot verliese vir hulle meebring. Indien daar wel skape met verf op hulle wol geskeer word, moet die verf **vooraf** afgeknip word. Baie produsente maak die fout om die verf op die klassering tafel te wil verwyder en verloor so baie geld of haal nie al die wol met verf uit nie. Alhoewel baie merkink as uitwasbaar verkoop word, weet die koper nie of dit uitwasbaar is of nie. Hulle sal dus die moontlikheid dat dit nie uitwasbaar is in die prys van die wol verreken. Wees dus oordeelkundig met die gebruik van merk-ink en merk skape eerder op hulle gesigte.



Figuur 3 Die aantal verf en merkink foute aangeteken


Die toename in swart haar in die skeersel is kommerwekkend (sien figuur 4). Behalwe vir skape wat die swart haar in hulle vag dra, word wol ook gekontamineer deur honde wat in die wol-bins slaap. Produsente moet daarop let om nie honde in die skeerhuis toe te laat nie.. Swart haar besmetting kan ook as gevolg van onoordeelkundige kruisteling plaasvind en wolprodusente moet hierop ook meer bedag wees. Daar bestaan 'n behoefte om verdere navorsing te doen om die oorsprong van hierdie kontaminasie te bepaal. Verwerkers wil nie swart haar in die wol hê nie, veral nie as hulle die materiaal in pastel kleure kleur nie.



Figuur 4 Die aantal swart haar foute aangeteken

Die persentasie voorkoms van kemp/gemeduleerde vesels het ook die afgelope drie seisoene merkbaar toegeneem, alhoewel die voorkoms daarvan laag is. Die hoofoorsaak van hierdie toename in kemp en gemeduleerde vesels word toegeskryf aan onoordeelkundige kruisteling met kempdraende rasse, veral vir vetlam produksie. Ooie wat gekruis word met kempdraende rasse se wol moet apart bemark word en daar moet aangedui word dat kemp in sodanige skeersel voorkom. Onthou die lam dra ook kemp en die ram is nie alleen verantwoordelik vir die besmetting. Indien hierdie wol vermeng word met wol van ooie waarmee suiwerteling gedoen is en kemp word in die skeersel gevind word die hele lot as "kemp" beskou. Die produsent sal dus baie verloor as hulle nie die kruisteel ooie se wol apart bemark nie. Dit is belangrik om ooie wat met kemp besmet is en kempdraende ramme later te skeer om kemp en haarbesmetting in die skeerhuis te verhoed.

Kemp en gemeduleerde vesels neem nie kleurstof op nie en materiaal sal dus nie egalig kleur nie. Sulke materiaal sal dus 'n baie laer waarde hê.



Figuur 4 Die aantal Kemp en Gemeduleerde Vesels foute aangeteken



Die NWKV lewer produksie-adviesdienste aan alle wolprodusente op kontrak met Cape Wools SA (CWSA), wat befonds word deur die Woltrust.

